HOS 717 DIENSLEER

(Eerste semester. 24 krediete, d.w.s 240 leer-ure)

Kodes: Geleentheidstudie: 7299 + MA in HOS: "07830"

Fasiliteerder: Dr Mabel Erasmus (tel. 401-3732 / 083 306 5989)

erasmusm.hum@mail.uovs.ac.za

Medefasiliteerders: Me Luzelle Naudé en gasdosente

Die doel van hierdie semesterkursus is om die kandidaat toe te rus met voldoende kennis om die konsep en doelwitte van gemeenskapsgebaseerde diensleer ten volle te begryp. Sodanige diensleer is naamlik 'n voertuig vir die integrasie van samelewingsdiens (burgerlike betrokkenheid) as 'n kernfunksie van instellings van hoër en verdere onderwys.

Die kundigheidsbasis wat gedurende die kursus bereik moet word, sal beleidsriglyne op nasionale en institusionele vlak insluit, sowel as 'n grondige begrip van die noodsaaklike elemente van diensleer, en ook wat binne die Suid-Afrikaanse konteks as goeie praktyk beskou kan word.

Die verwerwing van die nodige vaardighede om 'n diensleermodule te ontwerp en ontwikkel vorm deel van die kursus. Dit sluit die volgende kompetensies in:

- Die bou van vennootskappe binne die plaaslike en streekskonteks.
- Beplanning, implementering en assessering in samewerking met vennote in die dienstesektor en gemeenskap.
- Kurrikulumontwikkeling wat diensleer as ervaringspedagogiek insluit.
- Interdissiplinêre, probleemoplossende akademiese werk in 'n toepassingskonteks.
- Gehalteversekering van diensleermodules en evaluering van die beoogde uitkomste daarvan.
- Versterking van reflektiewe praktyke en wederkerige leer.
- Die ontwerp van toepaslike meganismes vir die assessering van studenteleer.
- Die implementering van risikobestuurstrategieë.
- Die oordra van 'n etiese en gedragskode vir gemeenskapsgebaseerde leer.
- Die onderneem van sistematiese, deelnemende navorsing oor en deur middel van diensleer.

Aan die einde van die kursus behoort die kandidaat oortuig te wees van die unieke waarde van diensleer as 'n effektiewe pedagogiese instrument waardeur studente aktief betrek word in die leerproses, en waarin die gaping tussen teorie en praktyk oorbrug word terwyl dit studente met die gemeenskap verbind. Die kandidaat behoort ook 'n dieper begrip te hê van samelewingsdiens, en diensleer in besonder, as meganismes vir die ontwikkeling van sosiale verantwoordelikheid by studente en instellings van hoër en verdere onderwys. Die waarde van hierdie tipe ervaringsleer sal by die kandidaat tuisgebring word deur middel van die toepassing van teorie in praktiese situasies, waar diens gelewer word in 'n ontwikkelingskonteks en gerig is op die unieke uitdagings van die Suid-Afrikaanse samelewing.